higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

9 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCM

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Bloedarmoede	A	kom voor in vis, bone, neute, eiers, vleis en hoender
1.2	Versmoring	B	skriftelike rekord van die kind se immuniserings en groeikoers
1.3	Au pair	C	'n tegniek om iemand te help wat opgehou het om asem te haal
1.4	Kalsium	D	verskaf versorging in 'n kind se huis en woon gewoonlik by die gesin
1.5	Pad na gesondheid kaart	E	help om hardlywigheid te voorkom
1.6	Vesel	F	wanneer daar te min yster in 'n mens se dieet is
1.7	Wanvoeding	G	ontwikkel gesonde bene
1.8	K.P.R.	H	kry nie voldoende nutriënte nie
1.9	Higiëne	I	om seker te maak alles in jou huis is skoon om siektes te voorkom
1.10	Proteïen	J	enigiets wat verhoed dat die liggaam genoeg suurstof kry
		K	margarine en botter

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Uitgebreide gesinne het moontlik 'n groter gevoel van sekuriteit en samehorigheid.

2.2 Kinders in 'n buurt ontwikkel 'n sin vir gemeenskap.

2.3 Kinders van ryk ouers word nooit verwaarloos nie.

2.4 Liefde ontstaan onmiddellik tussen 'n stiefkind en 'n stiefouer.

2.5 'n Hersaamgestelde gesin word gevorm deur die hertroue van 'n geskeide of weduwee- of wewenaarouer.

2.6 Godsdiens het die grootste invloed op versorgingspraktyke.

2.7 'n Pleeggesin is 'n permanente reëling.

2.8 Kinders ontwikkel sosiale verhoudings deur ander waar te neem en op hulle te reageer.

2.9 'n Versorger word slegs in 'n formele dagsorgsentrum in diens geneem.

2.10 'n Uitgebreide gesin is wanneer onmiddellik familie saam met 'n kerngesin woon.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Virussiektes sluit in …

A masels, pampoentjies en rubella.
B masels, pampoentjies en urienweginfeksies.
C masels, kinkhoes en MIV.
D urienweginfeksies, masels en MIV.

3.2 Kwaliteit dagsorg is NIE verantwoordelik vir die aanbieding van ... nie.

A kwaliteit voeding
B goed opgeleide versorgers
C 'n sensitiewe benadering tot kindersorg
D buitemuurse aktiwiteite soos ballet- en swemlesse

Kopiereg voorbehou

3.3 Wanneer kinders nie liefde en ondersteuning van ouers kry nie, word dit ... genoem.

A morele verwaarlosing
B fisiese verwaarlosing
C sosiale verwaarlosing
D emosionele verwaarlosing

3.4 Kinders is gereed om van die doeke afgehaal te word wanneer …

A hulle twee jaar oud is.
B hulle wys hulle is gereed.
C hulle een jaar oud is.
D hulle drie jaar oud is.

3.5 Die term VKO beteken ...

A sentrale opvoedkundige ontwikkeling.
B vroeë kinderontwikkeling.
C vroeë kognitiewe ontwikkeling.
D vroeë versorgingsontwikkeling.

3.6 Wanneer 'n kind 'n verkoue het, is dit belangrik dat hy of sy meer… kry.

A vitamine A
B vitamine D
C vitamine B
D vitamine C

3.7 Persoonlike identiteit …

A is 'n gevoel van tuishoort.
B hoe ons afsonderlik van ons gesin funksioneer.
C die manier waarop iemand hom definieer wat betref individualiteit.
D om aan 'n groep te behoort wat dieselfde eienskappe deel.

3.8 Die tekens van 'n allergiese reaksie is …

A koors.
B 'n jeukerige of geblokte neus.
C lusteloosheid.
D ontwatering.

3.9 Kwasjiorkor word veroorsaak deur 'n ernstige gebrek aan ...

A kalsium.
B proteïene.
C vitamine B.
D vitamine A, D en K.

Kopiereg voorbehou

3.10 Etiek verwys na 'n …

A stel morele beginsels.
B stel waardes.
C kulturele gedrag.
D die manier waarop 'n gemeenskap hulle probleme oplos.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Omskryf die volgende terme:

4.1.1 Monogamie

4.1.2 Matriargale gesin

4.1.3 Kultuur

4.1.4 Gemeenskap

4.1.5 Gesin

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Verduidelik hoe jy die term 'ouerlike verantwoordelikheid' verstaan. (2)

5.2 Noem TWEE voordele van 'n kind wat deur 'n kinderversorger by die huis versorg word. (2)

5.3 Noem twee faktore wat 'n negatiewe effek op kinders in versorgingsituasies kan hê. (2)

5.4 Veiligheid is baie belangrik by die huis.

Noem VIER wenke om jou kind se veiligheid in die badkamer te verseker. (4)
[10]

TOTAAL GEDEELTE A: 50

NCM

GEDEELTE B

VRAAG 6

6.1 Lindy het MIV/VIGS en is dus baie siek. Haar ouers het die VKO praktyk vertroulik daaroor ingelig. Haar ouers het egter gehoor hoe die praktisyn Lindy se situasie met ander ouers bespreek. Lindy het ook aan haar ouers gesê dat die praktisyn vir haar gesê het om nie aan die ander leerders in die klas te raak nie.

Identifiseer die onetiese gedrag van die praktisyn uit die scenario hier bo. (2 × 2) (4)

6.2 Noem VIER etiese riglyne wat belangrik is in 'n kinderversorgingsprogram. (4)

6.3 Noem SEWE eienskappe van 'n kind wat goed versorg word. (7)

6.4 Volgens die Kinderwet van Suid-Afrika, watter dagsorgfasiliteite moet by die Departement van Sosiale Ontwikkeling registreer en watter hoef NIE te registreer nie? (4)

6.5 Wat behoort die doelwit van voeding in 'n VKO-omgewing te wees? (4)

6.6 Noem DRIE algemene voorbeelde van kos waarvoor kinders allergies kan wees. (7) **[30]**

VRAAG 7

7.1 Die sterilisasie van bababottels is baie belangrik.

Noem VIER sterilisasiemetodes. (4)

7.2 Noem VYF algemene kinderparasiete wat kinders op 'n vroeë ouderdom affekteer. (5)

7.3 Siya is 'n vierjarige wat altyd moeg is by die skool. Hy het nie energie nie en weier om aan groepaktiwiteite deel te neem omdat hy gedurig kla van krampe in sy bene. Die onderwyser het ook opgemerk dat hy nie gewig optel nie. Sy vermoed dat hy aan wanvoeding ly.

Wanvoeding is 'n ernstige mediese toestand. Gee VIER voorbeelde uit die scenario hierbo om aan te dui dat Siya se onderwyser reg is. (4 × 1) (4)

7.4 Noem VIER faktore wat die versorging en welstand van 'n kind kompliseer.. (4)

7.5 Noem SES voorbeelde van 'nie-kosse'. (6)

Kopiereg voorbehou



ww2.kqed.org

FIGUUR 1

7.6 7.6.1 Is hierdie klas gepas higiënies en veilig vir jong kinders? (1)

7.6.2 Staaf jou antwoord in 7.6.1 deur voorbeelde uit die illustrasie in FIGUUR 1 te gee. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 8

8.1 Armoede het 'n negatiewe effek op die groei en welsyn van 'n kind.

Watter raad sal jy aan ouers uit arm agtergronde gee om te verseker dat hulle kinders gesond ontwikkel? (4 × 2) (8)

8.2 Gee VYF riglyne voordat speelgoed en speletjies vir 'n dagsorgsentrum aangekoop word. (5)

8.3 Caryn kom uit 'n selfde-geslag gesin, waar albei haar ouers mans is. Wanneer haar skool spesiale dae soos Moedersdag of Vadersdag het, is sy dikwels verward watter ouer om te bring.

Bespreek die uitdagings wat bestaan vir kinders met dieselfde geslag ouers. (3 × 2) (6)

8.4 Noem DRIE kinderverwante toelaes wat die regering verskaf om behoeftige gesinne te help. (3)

8.5 Noem AGT statutêre vereistes wat die Kinderwet neerlê ten opsigte van die fisiese vereistes waaraan 'n dagsorgsentrum moet voldoen. (8)

[30]

VRAAG 9

9.1 Noem VIER spesiale behoeftes onder die volgende opskrifte:

9.1.1 Fisies

9.1.2 Kognitief (4 × 2) (8)

9.2 Watter voordele sal 'n manlike versorger bo 'n vroulike versorger hê? (5 × 1) (5)

9.3 Nothando is deur haar ma verlaat toe sy 3 maande oud was. 'n Tante het haar ingeneem maar selde van haar notisie geneem selfs as sy gehuil het. Sy is vir ure in 'n klein donker kamertjie gelos met net 'n bottel melk. Sy het uiteindelik in haar eie wêreld onttrek.

9.3.1 Gebaseer op die scenario, is Nothando verwaarloos of misbruik? (1)

9.3.2 Staaf jou antwoord deur twee voorbeelde uit die scenario te gebruik. (2 × 2) (4)

9.4 Verskaf SES voorstelle om te verhoed dat ongelukke in die kombuis plaasvind. (6)

9.5 Inklusiwiteit is baie belangrik.

Gee DRIE voorstelle oor hoe skole kinders met gestremdhede kan akkommodeer. (3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 10

10.1 Voltooi die volgende spyskaart vir middagete vir 'n 3-6-jarige kind. Gee twee voorbeelde van gesonde kos in elke voedselgroep wat geskik is vir hierdie ouderdomsgroep. Trek die tabel in jou antwoordboek.

VOEDSELGROEP	VOORBEELD 1	VOORBEELD 2
koolhidrate		
groente		
proteïen		
suiwel		

(8)

10.2 Verduidelik die veilige metode om 'n baba te bad. (11)

10.3 'n Kind in jou dagsorgsentrum trek 'n kokende ketel van die toonbank af en doen brandwonde aan sy arm op.

Watter noodhulpprosedures sal jy toepas? (3 × 2) (6)

10.4 Dagsorgsentrums behoort 'n veilige hawe vir kinders te wees.

Gee VYF voorbeelde van beserings wat op die speelgrond kan plaasvind. (5)
[30]

TOTAAL GEDEELTE B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou